Wêreld Boerboel Veiling - Deelnemerinligting

Die SABT het reeds uitnodigings vir deelname aan die Wêreld Boerboel Veiling op 25 Oktober in Parys in die Vrystaat aan Boerboeleienaars gestuur wat honde by die 2007 Nasionale Skou en streekskoue gehad het. Die organiseerders oorweeg ook aansoeke op meriete van plaaslike lede (sowel as lede in die buiteland) omdat hulle nie enige iemand wat nie aan die Nasionale Skou kon deelneem nie wil uitsluit nie.

Lede wat honde vir die Veiling wil aanbied is welkom om met Anemarí Pretorius in verbinding te tree. Hulle mag ook by Lood Mienie aansoek doen om die semen van gesogte stoetreuns te laat opveil. Om die Veiling vlot te laat verloop het die organiseerders 'n beperking op die aantal inskrywings geplaas. Dit is dus belangik dat aansoeke hulle so gou as moontlik - maar beslis voor 25 September - bereik

Bestudeer asseblief die onderstaande inligting saam met die 'Veiling Inskrywingsvorm' en 'Importing/exporting Boerboels' wat ook op die SABT webtuiste beskikbaar is.

Voorwaardes vir deelname

Vereistes

1. Uitnodigings: SABT-geregistreerde honde wat aan die 2007 Nasionale Skou en streekskoue deelgeneem het.
2. Aansoeke op verdienste: SABT-geregistreerde honde (volwasse honde: 12 maande en ouer en jong hondjies: nie jonger as ses weke nie) van SABT-geregistreerde lede.
3. Nakoming van voorgeskrewe gesondheidsvoorwaardes.
4. Alle honde wat vir veiling aangebied word moet van mikrovlokkies voorsien wees, Dit dien as identifikasie van die hond by die eienaar, die verkoper en die afslaer. Die eienaar moet die groen afskrif van die betrokke dokumentasie kry.

Registrasie

1. Deelnemers mag net een hond – of die semen van een hond – vir die Veiling veiling aanbied.
2. Die Veiling Inskrywingsvorm moet volledig voltooi word. Hierdie inligting (wat die name en SABT-registrasienommers van die hond se ouers en die naam en kontakbesonderhede van die teler insluit) is noodsaaklik omdat dit ook in die Veilingkatalogus en op die uitstalhokke sal verskyn.
3. Afskrifte van oorspronklike SABT registrasiesertifikate moet alle registrasies/aansoeke vergesel.
   - Volwasse honde: SABT Registrasiesertifikate (insluitend keurverslae op die keersy).
   - Jong hondjies (slegs 6 weke of ouer): SABT Geboorteregistrasiesertifikate.
4. Gesertifiseerde afskrifte van gesondheidsertifikate moet alle aansoeke/registrasies vergesel. Die sluitingsdatum vir registrasie is 25 September 2008.
5. 'n Nie-terugbetaalbare registrasie (administrasie)-tarief van R100 is betaalbaar aan: FNB Bank. Rekeningnaam: SA Boerboeltelersvereniging. Rekeningnr. 52760007363. Takkode: 230436. Gebruik asseblief jou van en die hond se ID/Registrasienr. as verwysing en stuur bewys van betaling per e-pos, faks of bankbevestiging aan Anemarí Pretorius.
6. Die Veilingkantoor maak om 09:00 op 25 Oktober oop en sluit 2 uur voor die aanvang van die verrigtinge.
7. Drie of vier SABT-amptenare sal die honde voor die Veiling vir hulle geskiktheid om vir veiling aangebied te word inspekteer, en verkopers moet hulle beslissing aanvaar.

Gesondheidvereistes

1. Dien gesertifiseerde afskrifte van oorspronklike gesondheidsertifikate in ten opsigte van:
   - Honde ouer as 12 maande: Bevestiging van displasiestatus vir heupe en elmboë (SABT-vereistes: nie minder nie as 2:2 vir albei).
   - Bevestiging dat die voorgeskrewe honde-inentings op datum is (jong en volwasse honde) by wyse van 'n gedetailleerde inentingsrekord van 'n veearts. Die datums van die laaste intenting en ontwurming moet nie meer as 30 dae en nie minder nie as 10 dae voor die Veiling wees nie.

Kopers

1. Kopers moet 'n vrywaringsvorm onderteken (verkrygbaar van Karlien Greeff) dat hulle verantwoordelikheid vir die kostes van tydelike huisvesting en vervoer na die plek van die koper se keuse aanvaar Sy sal op die dag van die Veiling 'n kosteberaming vir die koper doen.

Verkopers

1. Verkopers moet self reëlings vir uitstalhokke, kos en water vir hulle honde tref. Lood Mienie het 'n paar hokke om te verkoop of te verhuur. Tree asseblief vroegtydig met hom in verbinding.

NADERE BESONDERHEDE EN KONTAKPERSONE

Veilingregistrasies	**Opveiling van semen**	**Invoer/uitvoer-inligting**
Anemarí Pretorius	Lood Mienie	Karlien Greeff
Selnr: +27(0)82 870 2610	Selnr: +27(0)082 925 2388	Selnr: +27(0)82 820 2330
Faksnr: 086 551 2834		